**Huiswerkvel 31 (Hoofstuk 16)**
**Memorandum**

Leesbegrip

1.1 (Uit die titel lei die leser af dat die leesstuk) oor miniatuurperde (handel). (1)

1.2 Letterlik. Dit dui daarop dat ’n miniatuurperd al die eienskappe van ’n gewone perd het.
Figuurlik. Dit kan dui op bewondering vir die miniatuurperd. (1)

1.3 Miniatuurperde moes dien as speelgoed vir ryk mense OF
Hulle het die miniatuurperde vir ryk mense geteel om mee te speel. (1)

1.4 “In Suid-Afrika het ons eers in 1945 met miniatuurperdjies kennis gemaak toe Wynand de Wet in die Vrystaat met hulle begin teel het.” (1)

1.5.1 Hulle is klein. (1)
1.5.2 Hulle is spelerig/liefdevol/nie so groot soos ’n gewone perd nie. (1)

1.6 Hul diere moet liefdevol/maklik hanteerbaar wees/goeie temperament hê. (1)
Hierdie miniatuurperde moet dieselfde beenstruktuur en liggaamsbou as gewone perde toon/skaalmodelle van gewone perde wees. (1) (2)

1.7 (Dit verwys na die) gewone perde (1)

1.8 Dan voldoen sy nie meer aan die vereistes van miniatuurperde nie. (1)

1.9 Merries is ook 11 maande dragtig. (1) ’n Miniatuurperdjie kan ook gery word/voor ’n karretjie ingespan word, net soos ’n groot perd. (1) (2)

1.10 (a) Miniatuurperde leef langer (9 jaar) as gewone perde.(1)
(b) Miniatuurperde het nie baie ruimte nodig nie.(1) (2)

1.11 Sy is baie lief vir hulle./Sy hou baie van hulle. (1)

1.12.1 C/Hulle oorsprong (1)
1.12.2 D/Gebruike (1)
1.12.3 F/Ken jou reëls (1)
1.12.4 A/Kom ons vergelyk (1)
1.12.5 B/So maak ons hulle groot (1)

1.13 Hulle kan baie goed sien – bykans 350 grade visie. (1) / Hulle leef langer as gidshonde. (1) *(Enige sinvolle antwoord)* (2)

1.14 Wat eet hierdie miniatuurperde? / Hoeveel kos so ’n miniatuurperd?/ Hoe versorg ’n mens hierdie miniatuurperde? (Of soortgelyk) (1)

1.15 Dit maak die teks meer realisties. /Dit help jou sien waaroor die teks handel. /
Dit maak die teks interessanter. (Of soortgelyk) (1)